**FAT 4: MAART-TOETS**
**VRAESTEL 1**
**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**
**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.

**Die Sederberge**

Die Sederberge is een van die mooiste plekke in die Wes-Kaap. Dit is 200 km van die Kaap en strek vanaf die Middelbergpas by Citrusdal tot by die Pakhuispas in Clanwilliam. Die graad 10's van Hoërskool Kloof gaan stap elke November vir 'n week in die Sederberge. Dit is 'n oorlewingskamp en vereis van leerders om fiks te wees en deursettingsvermoë te hê.

Die Sederberge is 'n wildernis-gebied en is dus deel van ons erfenis. Ons moet ons erfenis bewaar en oppas. Dit is 'n baie gewilde plek vir stappers, bergklimmers en natuurliefhebbers. Daar is baie interessante rotsformasies en staproetes. San en Khoi mense het lank terug in hierdie gebied gewoon. As jy die Sederberge besoek, moet jy 'n draai by Stadsaal gaan maak om van die oudste rotstekeninge in Suid-Afrika te sien.

As jy lief is vir kamp, is die Sederberge 'n perfekte eindbestemming. Daar is baie kampplekke, maar ook ander opsies as jy nie daarvan hou om in 'n tent te slaap of ablusieblokke te gebruik nie. Die leerders van Kloof Hoër moet al hulle bagasie saam met hulle dra en elke aand onder die sterre slaap. In die Sederberge hoef jy nie oor drinkwater te bekommer nie. Jy kan die lekkerste water uit enige stroom of waterval skep.

In die winter moet jy goed voorberei, want die nagte is yskoud. In die somer kan die Sederberge tot 40°C word. Boere word dan baie bang vir moontlike veldbrande. Niemand mag ooit 'n vuur in berge aansteek nie. Stappers en bergklimmers moet van gasstofies gebruik maak om kos voor te berei. In hierdie pragtige gebied is fynbos orals te vind. Dit is trots Suid-Afrikaans en 'n plek na aan die hart van vele Kapenaars. Besoek www.cederberg.com vir meer inligting.

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | *Die Sederberge is deel van Tafelberg.*<br>Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord. | (2) |
| 1.2 | Watter twee bergpasse vorm die beginpunt en eindpunt van die Sederberge? | (2) |
| 1.3 | Wat het die leerders van Hoërskool kloof nodig om in die Sederberge te oorleef? | (2) |
| 1.4 | Hoekom is die Sederberge deel van ons erfenis? | (1) |
| 1.5 | Watter woord in paragraaf twee dui aan dat mense baie daarvan hou om die Sederberge te besoek? | (1) |
| 1.6 | Wie het eerste in die Sederberge gebly? | (1) |
| 1.7 | Waarnatoe kan jy gaan om rotstekeninge te sien? | (1) |
| 1.8 | *Kloof Hoër slaap in tente as hulle in die Sederberge gaan stap.*<br>Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord. | (2) |
| 1.9 | Watter gevare is daar in die somer? | (1) |
| 1.10 | Watter tipe plante is kenmerkend aan die Sederberge? | (1) |
| 1.11 | Hoe dink jy voel Kapenaars oor die Sederberge? | (1) |
| | | **[15]** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: WENKE OM GELUKKIG TE WEES**

Instruksies:

- Soek SEWE riglyne wat jy moet onthou as gelukkig wil wees.
- Skryf elke riglyn in ’n goeie volsin.
- Skryf jou opsomming puntsgewys van 1 tot 7 neer.
- Jy mag nie meer as 70 woorde gebruik nie.
- Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke riglyn skryf nie.
- Laat ’n reël oop tussen sinne.

**7 maniere om gelukkig te wees!**

Maak dit jou missie om gelukkig te wees en moenie toelaat dat ander mense jou vrede steel nie. Skep jou eie geluk.

Jy gebruik minder spiere in jou gesig as jy glimlag. Lag elke dag uit jou maag om jou innerlike geluk uit te bring.

Gister is verby en die toekoms lê voor ons. Vergeet van die verlede en leer uit jou foute. Dit help nie om vas te haak by dinge waaraan jy niks kan doen nie.

Die lewe is vol van boelies en onbeskofte mense. Moenie op hulle vlak neerdaal nie. Respekteer andere en doen aan hulle wat jy wil hê hulle moet aan jou doen.

Musiek is terapeuties en dit beïnvloed jou emosies. Sing asof niemand jou sien nie, dit sal jou goed laat voel! Party mense oorleef elke dag die besige verkeer deur musiek te luister of te sing.

Die liggaam gee endorfiene af as jy oefen. Dit is die beste antidepressante wat daar is. Mense wat fiks is, is gelukkiger. Maak elke dag tyd om aktief te wees.

Die lewe sonder ’n dagboek of kalender kan vinnig chaoties raak. Die lewe is besig en daarom moet ’n mens georganiseerd wees.

Die lewe is somtyds moeilik. Dis maklik om die glas halfleeg te sien. Dink positief en vind oplossings vir probleme.

**[10]**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ARTIKEL**

- Die taalvrae wat volg, is op die leesstuk hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**ROTSKLIM**

Meeste mense besef nie hoe moeilik dit is om rots te klim nie. In die Sederberge is daar baie plekke vir rotsklimmers. Dit is ’n (3.1 goedkoop) sport en jy kan die hele dag in die natuur wees. Gholf is ’n (3.2 duur) sport as rotsklim. Johan Badenhorst het al meer as (3.3 14) keer in die Sederberge gaan rotsklim. Hy sê daar is ’n paar (3.4 moeilik) roetes waarmee hy gesukkel het. Hy wil (3.5 weer) volgende jaar teruggaan. Hy het na hoërskool verslaaf geraak (3.6 op / aan) die sport. Dit is volgens hom die (3.7 goed) sport in die wêreld. (3.8 Suid-Afrika) weet nie baie van die sport nie. (3.9 Johan het <u>verlede jaar</u> per ongeluk sy arm gebreek.) (3.10 Hy moet meer versigtig wees.)

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Gee die INTENSIEWE vorm van die tussen woord tussen hakies. | (1) |
| 3.2 | Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. | (1) |
| 3.3 | Skryf die GETAL in woorde uit. | (1) |
| 3.4 | Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD. | (1) |
| 3.5 | Gee die HOMONIEM van die woord tussen hakies en gebruik dit in ’n gepaste sin om die betekenis duidelik te maak. | (1) |
| 3.6 | Kies die korrekte VOORSETSEL. | (1) |
| 3.7 | Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. | (1) |
| 3.8 | Gee die PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies. | (1) |
| 3.9 | Verander die sin na ’n VRAAGSIN. Jou antwoord moet die onderstreepte gedeelte wees. | (1) |
| 3.10 | Skryf die sin in die ONTEKENNENDE VORM. | (1) |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: IDIOOM**

**Die taalvrae wat volg, is op die volgende idioom gebaseer.**

| |
|---|
| AFRIKAANSE IDIOOM:<br>**’n Berg van ’n molshoop *(mole-heap)* maak**<br>— iets groots maak van iets kleins of onbelangriks. |

4.1 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Hy sal Saterdag die mol soek. (1)

4.2 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Jaco sê vir Cyril: “Jy maak altyd ’n berg van ’n molshoop.” (1)

4.3 Verbind die onderstaande sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Sarah het oorreageer. Sy het ’n berg van ’n molshoop gemaak. (omdat) (1)

4.4 Skryf die sin oor in die INFINITIEF. Begin só: Hy behoort nie ...

Hy maak ’n berg van ’n molshoop. (1)

4.5 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE.

klim / Hy / om fiks te bly / elke week / Tafelberg. (1)

**[5]**

**TOTAAL: 40 punte**